NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

# AARDRYKSKUNDE: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur | 200 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**


---

IEB Copyright © 2020

| |
|---|
| Punte moet toegeken word in lyn met:<br>• die spesifieke inhoud van die punteskema of die generiese vlakbeskrywings wat van toepassing is op die vraag<br>• die spesifieke vaardighede wat in die punteskema of generiese vlakbeskrywings van die vraag gedefinieer is<br>• die standaard van die antwoord wat verwag word van 'n kandidaat soos wat die voorbeelde van die gestandaardiseerde vraestelle voorstel |
| Bepunting moet **POSITIEF** gedoen word<br>• Punte word toegeken vir korrekte / geldige antwoorde<br>• Krediet word toegestaan vir antwoorde wat geldig is en wat wyer strek as die raamwerk van die sillabus (verwys na seniornasiener of seniormoderator soos nodig).<br>• Punte word toegeken wanneer die kandidate duidelik bewys toon van hulle kennis en waartoe hulle in staat is.<br>• Punte word nie afgetrek vir foute nie.<br>• Punte word nie afgetrek vir weglating nie.<br>• Die spelling, interpunksie en grammatika word in die antwoorde gemerk alleenlik wanneer dit spesifiek geassesseer word volgens die punteskema. Die betekenis moet nog steeds ondubbelsinnig wees. |
| Reëls moet konsekwent toegepas word, bv. gevalle waar kandidate nie instruksies gevolg het nie of in die toepassing van die generiese vlakbeskrywers. |
| Die volle spektrum van punte, soos gedefinieer in die nasienriglyne vir die vraag, moet gebruik word (alhoewel die volle spektrum van punte beperk kan word deur die kwaliteit van die antwoorde van die kandidate). |
| Punte word alleenlik toegeken soos dit uiteengesit is in die nasienriglyne.<br>Punte mag nie toegeken word met inagneming van die drempels vir die graad of graadbeskrywers nie. |

**VRAAG 1 – GEÏNTEGREERDE VRAAG: DIE GEOGRAFIE VAN MALALANE EN MPUMALANGA**

| **1.1** | **Vrae** | **Antwoorde** | **Notas** | **Punt** |
|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Die klimaatstreek van Malalane kan beskryf word as …<br>A kontinentaal.<br>B maritiem.<br>C Mediterreens.<br>D kus | A Kontinentaal | | (1) |
| 1.1.2 | Die gemiddelde jaarlikse reënval is …<br>A 9 mm<br>B 60 mm<br>C 35 mm<br>D 716 mm | D 716 mm | | (1) |
| 1.1.3 | Die seisoenale gemiddelde temperatuurspeling vir Malalane is …<br>A 1 °C<br>B 9,1 °C<br>C 16,4 °C<br>D 25 °C | B 9,1 °C | | (1) |
| 1.1.4 | Die gemiddelde jaarlikse temperatuur van Malalane is …<br>A 8,9 °C<br>B 16,5 °C<br>C 22 °C<br>D 25,5 °C | C 22 °C | | (1) |
| **1.2** | **Vrae** | **Antwoorde** | **Notas** | **Punt** |
| 1.2.1 | Noem die vernaamste weerstelsel wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van lyndonderstorms oor Suid-Afrika. | Enige EEN van die volgende:<br>• laagdruktrog<br>• vogfront<br>• kontinentale laagdrukstelsel<br>• termiese laagdrukstelsel | Of enige relevante antwoord. | (1) |
| 1.2.2 | Noem EEN ander gevaar wat nie in die twiet genoem is nie. | Enige EEN van die volgende:<br>• kitsvloede<br>• swaar reën<br>• weerlig | Enige ander toepaslike gevaar kan genoem word. | (1) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.2.3 | Maak gebruik van 'n diagram om te verduidelik hoe lyndonderstorms oor Suid-Afrika ontwikkel.<br><br><br><br> | | Die kandidaat moet bewys dat die vorming van lyndonderstorms oor Suid-Afrika verstaan word.<br><br>Óf 'n sinoptiese skets óf 'n dwarsdeursnit kan gebruik word.<br><br>Punte word toegeken vir:<br>• vorm en skets (2)<br>• lugmassas (1)<br>• lugdrukstelsels (1)<br>• vogfront / trog (1)<br><br>Punte moet toegeken word vir die verstaan van die ontwikkeling van lyndonderstorms oor Suid-Arika. | (5) |
| 1.2.4 | Verduidelik waarom daar 'n breër band van wolke aan die oostekant van die vogfront voorkom (lyndonderstorms). | • Dit word toegeskryf aan die vog wat inbeweeg vanuit die ooste a.g.v. die warm Agulhas-stroom wat in aanraking kom met die koel, droë lug van die Benguela-stroom.<br>• Warm, vogtige lug vanuit die ooste (meer vog) bereik die binneland. Koue, digte lug van die weste forseer warm, minder digte lug om te styg. Lug aan die oostekant is minder stabiel. Grootskaalse kondensasie lei tot digte workvorming. | Die kandidaat moet bewys toon dat verstaan word dat die vogtige lug vanuit die ooste sal styg wat dan wolke sal vorm aan die oostekant van die VF.<br>• **1 punt:** vir eenvoudige verduideliking.<br>• **2 punte:** vir 'n meer gedetailleerde verduideliking. | (2) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.2.5 | Verduidelik waarom die weerstoestande wat met lyndonderstorms gepaardgaan, erger is as dié van geïsoleerde (normale) donderstorms. | Lyndonderstorms:<br>• sterk stygende lug<br>• meer gestruktureerd<br>• is 'n versameling selle wat almal in dieselfde rigting beweeg<br>• hou langer aan<br>• hulle dek 'n groter gebied<br>• wyer versprei<br>• vog word gedurig van die oseaan af ingevoer<br>• gedurige vorming van cumulonimbus-wolke langs die vogfront<br>• sterker styging en kondensasie langs vogfront<br>• vind enige tyd van die dag plaas<br>• geassosieer met stortreën<br>Gewone donderstorms:<br>• geïsoleer<br>• kom oor klein gebied voor<br>• geen voortdurende bron van vog nie<br>• reën laat namiddae | Daar word van die kandidaat verwag om te **verduidelik** en dus moet die konsep in detail verduidelik word:<br>• **1 punt:** vir elke eenvoudige verduideliking.<br>• **2 punte:** vir 'n meer gedetailleerde verduideliking. | (2) |
| **1.3** | **Vrae** | **Antwoorde** | **Notas** | **Punt** |
| 1.3.1 | Malalane lê in 'n vallei langs die Krokodilrivier. Noem die wind wat gedurende die dag hier sal waai. | Anabatiese<br>of<br>Valleiwind | Aangesien die vallei se kante warmer is gedurende die dag sal die wind uit die vallei uit waai. | (1) |
| 1.3.2 | Verduidelik waarom rook wat deur die suikerraffinadery vrygelaat word, in die vroeë oggend op 'n wolklose dag vasgevang word in die vallei. | Dit is as gevolg van die vorming van 'n inversielaag in die vallei gedurende die nag. Die rook word vasgevang in die vallei en is dus gekonsentreerd. | Daar word van die kandidaat verwag om te **verduidelik** en dus moet die konsep in detail verduidelik word:<br>• **1 punt:** vir elke eenvoudige verduideliking.<br>• **2 punte:** vir 'n meer gedetailleerde verduideliking. | (2) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.3.3 | Gebruik 'n diagram om te verduidelik waarom die konsentrasies van besoedeling altyd hoër oor die binneland van Suid-Afrika sal wees gedurende die winter.<br> | | Die kandidaat moet wys dat hy / sy die invloed van die hoogdruk oor die binneland op die konsentrasie van die besoedeling verstaan.<br><br>Punte word toegeken vir:<br>• inversielaag (1)<br>• dalende lug (1)<br>• aanduiding dat besoedeling vasgevang is en meer gekonsentreer is a.g.v. die inversielaag (2)<br><br>***Punte moet toegeken word vir die verstaan van die konsep.*** | (6) |
| **1.4** | **Vrae** | **Antwoorde** | **Notas** | **Punt** |
| 1.4.1 (a) | Die stadium wat **A** benoem is, is die …-loop. | bo | | (1) |
| 1.4.1 (b) | Die Kwenadam is 'n … basisvlak van erosie | tydelike | | (1) |
| 1.4.1 (c) | Die dam sal … tot gevolg hê al met die rivierloop langs | verjonging | | (1) |
| 1.4.1 (d) | Die Krokodilrivier het 'n … profiel. | ongegradeerde | | (1) |
| 1.4.1 (e) | In stadium **B** is die vernaamste erosie … | laterale erosie | | (1) |
| 1.4.1 (f) | Die kenmerk wat … genoem word, sal heel waarskynlik in Stadium **C** gevind word. | hoefystermeer | | (1) |
| 1.4.2 | In watter stadium van die rivier sal die grootste volume water wees? Verduidelik jou antwoord. | • Benedeloop / ouer (1)<br>• Die grootste volume water in 'n rivier is in die benedeloop as gevolg van die water wat invloei vanaf die sytakke. Die stroomkanaal is diep en wyd en die oppervlak langs die rivier is gelyk. (2) | **1 punt:** vir die identifikasie<br>**2 punte:** vir die verduideliking van die groter volume in die benedeloop van die rivier. | (3) |

| 1.5 | Vrae | Antwoorde | Notas | Punt |
|---|---|---|---|---|
| 1.5.1 (a) | Definieer vleiland. | Gebied wat beslaan word deur vleie of moerasse; waar grond versadig is | Kandidate mag eie en unieke benadering tot die vraag hê en antwoorde sal dus verskil. Hoef nie 'n handboekgebonde antwoord te wees nie. | (1) |
| 1.5.1 (b) | Definieer waterskeiding. | 'n Waterskeiding is hoë grond wat een dreineerbekken van die aangrensende dreineerbekken skei. | | (1) |
| 1.5.2 | Beskryf TWEE voordele wat 'n vleiland vir 'n rivierstelsel inhou. | Daar is verskeie voordele van 'n vleiland vir 'n gemeenskap:<br>• kos en habitat vir visse en wild<br>• verbetering van die water se kwaliteit<br>• vloedwaters word geberg<br>• erosie van die kuslyn word beheer<br>• natuurlike produkte vir menslike gebruik wat ook ekonomiese voordeel inhou<br>• geleenthede vir:<br>– ontspanning<br>– opvoeding<br>– navorsing | Hierdie is 'n **Beskryf** vraag – kandidaat moet die konsep in detail beskryf.<br>**1 punt:** vir eenvoudige beskrywing of bloot gelys.<br>**2 punte:** vir uitgebreide beskrywing. | (2) |
| 1.5.3 | Evalueer TWEE redes waarom hierdie ontwikkeling moet verseker dat die oewersone langs die rivier onderhou word. | Onderhouding of ontwikkeling van 'n aantreklike oewersone kan:<br>• waarde van eiendom verhoog<br>• erosie in toom hou en dus verlies van grond verminder<br>• kwaliteit van water beskerm<br>• habitat van wild verbeter<br>• bydra tot die natuurlike skoonheid van die land<br>• die geraas van die reservoir, verkeer, paaie en nabygeleë eiendomme verminder<br>• die tyd en koste van onderhouding verminder<br>• meer privaatheid verskaf<br>• skerm vorm wat onaantreklike uitsigte uitsny<br>• skilderagtige uitsigte skep | Hierdie is 'n **Evalueer vraag** – kandidaat moet die konsep in detail evalueer.<br>**4 punte:** albei redes wat gegee word moet goed bespreek word.<br>**2 punte:** redes gegee dui op algemene kennis en beperkte begrip of net EEN aspek word gedek. | (4) |

IEB Copyright © 2020

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.5.4 | Analiseer DRIE negatiewe effekte wat menslike aktiwiteite op die opvangsgebiede van riviere in Suid-Afrika kan hê. | • Stormwateraflope: dreineer direk in ons waterweë, hewige reën veroorsaak dat sediment, afval en besoedeling in ons riviere en uiteindelik in die oseaan beland.<br>• Te veel water word onttrek: dit kan ook impak op die mense wat die water gebruik, bv. vir besproeiing of voorsiening van water vir diere.<br>• Agteruitgang van die ekologiese integriteit van hierdie rivierstelsel.<br>• Algebloei: versnelde eutrofikasie.<br>• Sedimentasie: waterweë word verstop deur grond wat opeenhoop – gewoonlik te wyte aan erosie wat met landbou geassosieer word.<br>• Verandering in oorstromings: Veranderinge wat aangebring word in opvanggebiede kan effek hê op oorstromings in die opvanggebied. Sulke veranderinge in die opvanggebied beïnvloed ook die impak van siklone op hierdie gebiede.<br>• Toename in oppervlakafloop: vloedpiek is hoër.<br>• Korter vertragingstyd.<br>• Besoedeling deur olie, afval van diere, rommel, kunsmis en onkruiddoders.<br>• Ander besoedeling deur grassnysels, blare en grond wat die waterweg se ekologiese balans kan versteur. Sommige middels wat besoedel kan water- en seeplante sowel as -diere vergiftig; ander middels beskadig die omgewing deur eutrofikasie of sedimentasie. | Hierdie is 'n **Analiseer** vraag – kandidaat moet die konsep ontleed.<br>**1 punt:** vir elke elementêre gelyste effek of elementêre verduideliking.<br>**2 punte:** vir *elke* punt wat in detail verduidelik is. | (6) |

IEB Copyright © 2020 

| 1.6 | Vrae | Antwoorde | Notas | Punt |
|---|---|---|---|---|
| 1.6.1 | Noem die straatpatroon van **Malalane** en **Fish Eagle Bend** | Malalane – radiaal (1)<br>Fish Eagle Bend – bepland onreëlmatig (1) | | (2) |
| 1.6.2 | Noem TWEE kenmerke wat die vorm en ontwikkeling van Malalane beïnvloed het. | Enige twee van die volgende:<br>• die Krokodilrivier<br>• die N4<br>• treinspoor<br>• landbougrond | | (2) |
| 1.6.3 | Verduidelik waarom meeste van die besighede langs die N4-hoofweg geleë is. | Dit is die hoofroete deur die streek en dit dra die meeste verkeer. | **1 punt:** vir eenvoudige beskrywing.<br>**2 punte:** vir meer gedetailleerde beskrywing. | (2) |
| 1.6.4 | Die gebou wat **D** benoem is, is 'n belangrike winkelsentrum wat die gebied van Malalane bedien. | | | |
| 1.6.4 (a) | Definieer die terme: | | | |
| 1.6.4 (a) (i) | Ankerhuurder | 'n Aansienlik groter huurder in 'n winkelsentrum – gewoonlik 'n afdelings- of kettingwinkel – wat 'n groter aantrekkingskrag het. Die bedoeling is dat hierdie ankerhuurder 'n groter deursneebevolking na die sentrum toe sal lok om hulle inkopies daar te doen. | Kandidate mag eie en unieke benadering tot die vraag hê en antwoorde sal dus verskil. Hoef nie 'n handboekgebonde antwoord te wees nie. | |
| 1.6.4 (a) (ii) | Kettingwinkel | 'n Kleinhandelaar met verskeie winkels en hierdie winkels het dieselfde handelsmerke, sentrale bestuur en gestandaardiseerde besigheidspraktyke. | | (2) |
| 1.6.4 (b) | Analiseer waarom kleinhandel-kettingwinkels die faktore hieronder moet oorweeg wanneer hulle poog om die beste ligging vir 'n kleinhandelaar te vind. | | | |
| 1.6.4 (b) (i) | Reikafstand | Besighede moet daarvan bewus wees dat hulle kliënte of klante net 'n sekere afstand sal reis om van hulle produkte te koop / gebruik te maak. | **6 punte:**<br>• Die antwoord bewys dat al DRIE konsepte verstaan word.<br>• Antwoorde lewer bewys van gedetailleerde kennis en goeie konseptuele begrip van die onderwerp.<br>• Enige voorbeelde wat genoem is, is wel van toepassing en is goed in die antwoord geïntegreer. | |
| 1.6.4 (b) (ii) | Drempelbevolking | Besighede moet 'n minimum aantal mense hê wat in hulle gebied woonagtig is / daar kuier (soos in die geval van Malalane) om hulle diens of produk lewensvatbaar te maak. | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.6.4 (b) (iii) | Markgebied | 'n Besigheid moet die inkomstevlak en tipe gemeenskap waar die besigheid gevestig is, in ag neem, ongeag watter diens of produk ook al aangebied word of beskikbaar gestel word. | **4 punte:**<br>• Die antwoord bewys dat TWEE konsepte verstaan word.<br>• Die antwoord is ongebalanseerd of daar is nie genoeg detail gegee nie.<br>• Die antwoord bewys wel dat daar goeie kennis en begrip van die konsepte is.<br>• Voorbeelde is net gelys of glad nie genoem nie – geen integrasie in die antwoord nie.<br><br>**2 punte:**<br>• Die antwoord bewys dat EEN konsep verstaan word.<br>• Die antwoord is vaag of slegs 'n lys.<br>• Kennis is vlak / basies en begrip moontlik nie heeltemal akkuraat nie.<br>• Voorbeelde is net gelys of geen voorbeelde genoem. | (6) |
| 1.6.5 | Sommige mense trek weg vanaf groter stedelike gebiede na klein landelik nedersettings toe. Stel TWEE verskillende redes voor waarom mense na landelike nedersettings, soos Malalane, toe sal trek. | • Stede is oorvol.<br>• Die vinnige leefstyl in stede is nie vir almal nie.<br>• Besoedeling.<br>• Stres geassosieer met werk.<br>• Tegnologie stel mense in staat om van die huis af te werk, kantoor nie nodig nie.<br>• Meer mense besit motors en meer mense kan dus verder vanaf hulle werksplek bly.<br>• Beter vervoer tussen landelike en stedelike gebiede.<br>• Groter inkomste wat spandeer kan word.<br>• Die landelike gebied bied meer geleentheid vir ontspanning.<br>• Meer geld of meer geleenthede om geld te maak.<br>• Diens-gedrewe ekonomiese voordele. | **4 punte:** omvattende en akkurate stellings wat wys dat die begrip van teen-verstedeliking verstaan word.<br>**2 punte:** stellings sluit beperkte detail in of is slegs 'n lys of gee slegs een toepaslike punt om die begrip van teen-verstedeliking te verduidelik. | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | • Meer geleenthede om na die landelike dele te verhuis.<br>• Internet en gebruik van selfone het toegeneem, data word goedkoper, rekenaars nou goedkoper. | | (4) |
| **1.7** | **Vrae** | **Antwoord** | | **Punt** |
| 1.7.1 | Bereken die totale oes suikerriet versnipper vir 2019 / 2020 in MT per hektaar | 69,15 MT per hektaar | Aangesien die waardes gegee is, kan slegs hierdie antwoord korrek wees. | (2) |
| 1.7.2 | Verklaar die afname in die area wat geoes is tussen 2014 / 15 en 2016 / 17. | Enige EEN verduideliking<br>• Instelling van suikerbelasting<br>• Droogte<br>• Verswakking van ekonomie<br>• Probleme met krag / elektrisiteit. | **1 punt:** stellings sluit beperkte detail in wat beskryf / gee die funksie van / of verduidelik waarom die oes afgeneem het.<br>**2 punte:** meer uitbreiding in die verduideliking van die afname in die oes gedurende hierdie tyd. | (2) |
| 1.7.3 | Noem TWEE van die vernaamste gebruike van suiker in Suid-Afrika. | Alhoewel suiker hoofsaaklik gebruik word as gevolg van sy soet smaak, is daar vele ander gebruike in voedseltegnologie.<br>• Preserveermiddel<br>• Verandering van tekstuur<br>• Deel van die fermentasie proses<br>• Gee geur<br>• Kleur<br>• Vermeerdering van volume | Die kandidaat mag slegs 'n lys van gebruike gee. | (2) |
| 1.7.4 | Waar, anders as in Mpumalanga, word suikerriet in Suid-Afrika verbou? | KwaZulu-Natal | | (1) |
| 1.7.5 | Suid-Afrika het in 2018 suikerbelasting ingestel. Ondersoek TWEE moontlike gevolge wat dit vir die suikerindustrie ingehou het. | • Produkte wat suiker bevat het duurder geword.<br>• Werksgeleenthede wat direk met suiker geassosieer word, is opgeskort.<br>• Verlies aan werksgeleenthede wat indirek aan suiker se produksie verbonde is deur kettingnywerhede.<br>• Administrasie in besighede vermeerder.<br>• Lae-inkomstegroepe het minder geld om te spandeer.<br>• Verliese in die landbou sektor. | Hierdie is 'n **Ondersoek** vraag – kandidaat moet die konsep in detail ondersoek.<br>**4 punte:** volledige en akkurate kennis en begrip van die impak van suikerbelasting op die Suid-Afrikaanse suikerindustrie.<br>**2 punte:** beperkte detail in stellings of anders slegs 'n lys of slegs een toepaslike punt oor die begrip van die impak van suikerbelasting op die Suid-Afrikaanse suikerindustrie. | (4) |

| 1.8 | Vrae | Antwoord | Notas | Punt |
|---|---|---|---|---|
| 1.8.1 | Pas die kolomme by mekaar | | | |
| 1.8.1 (a) | Grondrestitusie | E Om grond terug te besorg aan diegene wat dit verloor het gedurende apartheid as gevolg van praktyke van rassediskriminasie. | | (1) |
| 1.8.1 (b) | Waardeketting | C Die proses waardeur waarde tot 'n produk toegevoeg word. Dit sluit in produksie, bemarking en diensverskaffing na die verkope. | | (1) |
| 1.8.1 (c) | Volhoubaarheid | A Om die uitputting van natuurlike bronne te verhoed en sodoende die ekologiese balans te behou. | | (1) |
| 1.8.1 (d) | Agronome | F Hulle werk ook om die kwaliteit van saad en die voedingswaarde van gewasse te verbeter. | | (1) |
| **1.8.2** | **Opstel** | | | |
| • Moet asseblief NIE REGMERKIES MAAK wanneer 'n opstel gemerk word nie – dit verwar die optellers.<br>• In die plek daarvan, onderstreep relevante en toepaslike punte en maak gebruik van die stelsel van kodes. | | AARDRYKSKUNDE SE KODES VIR OPSTELLE<br><br>E – Uitstekend<br>G – Goed<br>V – Vaag<br>R – Herhalend<br>I – Ontoepaslik<br>F – Aanvaarbaar | INHOUD:<br><br>______ Onderstreep relevante punte indien korrek<br>⬭ Omkring verkeerde punte<br><br>BEWYSE:<br><br>( ) Sit hakkies ( ) om bewyse | |

| Jou plaaslike regering het jou gevra om 'n verslag saam te stel oor die implimentering van 'n program van grondrestitusie wat op die gemeenskap gebaseer is – soos dié een tussen die gemeenskap in die omgewing van Malalane en RCL Foods. | |
|---|---|
| • Omskryf die *voordele* van hierdie projek / vennootskap. | • Meer werksgeleenthede<br>• Groter inkomste vir hierdie streke<br>• Toename in werkers met vaardighede<br>• Ontwikkeling van die infrastruktuur<br>• Ontwikkeling van kettingnywerhede<br>• Landbou word meer volhoubaar |
| • Evalueer waarom grondhervorming in Suid-Afrika nodig is. | • Om die ongeregtighede van die verlede reg te stel<br>• Bemagtig plaaswerkers (wat nou die geleentheid het om boere te kan word) en spreek daardeur die ongelykhede aan<br>• Gee mense wat voorheen werkloos was die geleentheid om by te dra tot die ekonomie<br>• Verbeter die ekonomiese groei van die land<br>• Omdat die grootste deel van Suid-Afrikaners deur apartheid magteloos en sonder regte gelaat is.<br>• Dra by tot ekonomiese groei of om armoede te verlig<br>• Daardeur word groter gelykheid in inkomste bewerkstellig<br>• Landbou word meer volhoubaar |
| • Ondersoek die *nadele* van die huidige grondhervormingsproses in Suid-Afrika. | • Die proses is baie stadig<br>• Baie moeilik om die eise te bewys<br>• Rolspelers in proses is onwillig<br>• Historiese griewe wat nie opgelos is nie<br>• Projekte wat gefaal het (insluitend projekte van grondrestitusie).<br>• Nuwe boere het nie vaardighede nie<br>• Nuwe boere het nie al die hulpbronne nie<br>• Swak onderrig in landboubestuur.<br>• Politici en ander rolspelers het grootliks op verkryging van grond gefokus<br>• Onvoldoende ondersteuning nadat hulle op grond gevestig is<br>• Swak beplanning<br>• Gemeenskappe baklei onder mekaar<br>• Bevoordeel kapitaal-intensiewe kommersiële boerdery wat nie toepaslik vir die begunstigdes is nie<br>• Landbou-entiteite word 'spook-plase' (ghost farms) ná grondhervorming.<br>• In sommige gevalle is die infrastruktuur van die plaas gesteel en het produksie tot 'n stilstand gekom |


IEB Copyright © 2020

| | |
|---|---|
| • Bespreek die ondersteuning wat die regering aan die mense kan gee nadat hervorming plaasgevind het en hulle op die grond gevestig is. | • Een van die belangrike komponente van grondhervorming is vir die begunstigdes om selfversorgend te word.<br>• Daar moet maatreëls in plek gestel word om te verseker dat grond wat hertoegedeel word, wel produktief gebruik word.<br>• Ondersteuning nadat boere op grond gevestig is<br>• Daar moet 'n mentorstelsel in plek wees<br>• Voldoende finansiële ondersteuning<br>• Vennootskappe tussen die regering en die privaat sektor.<br>• Opleiding en vermeerdering van vaardighede onder die jeug in die streek<br>• Ontwikkel koöperatiewe plase<br>• Vestig instansies wat die situasie sal monitor om sodoende die grond te beskerm<br>• Stel doelwitte vir die oordrag van grond<br>• Maak vinniger oordrag van grond moontlik<br>• Strategieë om vertroue in die agri-besigheidsektor te vestig.<br>• Bespoedig opleiding in landbouwetenskappe.<br>• Maak boerdery makliker<br>• Nuwe meganismes wat die moeite werd is<br>• Verander die manier waarop die agri-sektor in Suid-Afrika werk<br>• Alleenbesit van grond mag onvoldoende wees en soms heeltemal ontoepaslik<br>• Alternatiewe vir die huidige praktyke van grondbesit.<br>• Hoofmanne en gemeenskappe moet verantwoordelik gehou word as hulle nie hulle grond kan verbeter nie. |

| Kriteria | (Vlak 3)<br>Uitstaande – Goed | (Vlak 2)<br>Bevredigend | (Vlak 1)<br>Swak |
|---|---|---|---|
| ***Skryfvaardighede***<br>• Neem struktuur en aanbieding in aanmerking.<br>• Gebruik kort inleiding en slot.<br>• Logiese bespreking en gebruik van onderopskrifte.<br><br>[4 punte word aan hierdie komponent toegeken] | Gepaste inleiding en slot.<br>Gesofistikeerde, samehangende en gestruktureerde skryfwerk.<br>Onderopskrifte en paragrawe is effektief gebruik.<br>Opstel is kort, goed gestruktureerd en kernagtig.<br><br>**(4 punte)** | Inleiding en slot teenwoordig, alhoewel nie ideaal nie.<br>Pogings om te hou by die onderopskrifte en om paragrawe te gebruik.<br>Opstel skiet tekort aan bondigheid en dwaal by tye van die punt af.<br><br>**(3 punte)** | Skryfwerk is swak en amper onverstaanbaar.<br>Geen inleiding of slot word voorsien nie. Geen gebruik / navolging van onderopskrifte nie.<br>Lang sinne, swak grammatika en oneffektiewe gebruik van paragrawe.<br>Opstel is herhalend. Kolpunte is dalk gebruik.<br><br>1 punt moet toegeken word vir enige poging om iets te skryf / probeerslag<br><br>**(2–0 punte)** |
| ***Inhoudskennis***<br>• Korrekte gebruik van aardrykskundige terme en begrippe<br>• Hou by onderwerp en onderopskrifte.<br><br>[12 punte word hiervoor toegelaat] | Toepaslike inhoud en gedetailleerde bespreking van die onderwerp.<br>Goeie gebruik van aardrykskundige terme en begrippe.<br>Toepaslike aantal feite voorgelê per onderopskrifte.<br>Minimum van 2 punte per onderopskrif sal 10 punte vir kandidaat verdien.<br>Verdere uitbreiding sal nog 2 punte verdien.<br><br>**(12–9 punte)** | Gebruik soms toepaslike inhoud.<br>'n Oorsig / algemene bespreking van sleutelkwessies.<br>Basiese gebruik van aardrykskundige begrippe en terme. (60 – 50% van vereiste feite voorgelê per onderopskrifte.)<br>1 punt per onderopskrif, of 2 punte gegee en net 2 paragrawe.<br><br>**(8–5 punte)** | Afwyking van die onderwerp.<br>Swak begrip van konsepte en terme.<br>Oppervlakkige / swak bespreking.<br>Amper geen toepaslike feite / onderopskrifte.<br><br>**(4–0 punte)** |
| ***Ondersteunende bewyse – ontleding en begrip***<br>• Die vermoë om die onderwerp te ontleed en evalueer word in hierdie kategorie geassesseer.<br>• Verwysing na gevallestudie-materiaal / feitelêer / bronmateriaal verskaf.<br>• Indien toepaslik, moet verwysing gemaak word na bekende / plaaslike of ander voorbeelde.<br><br>[4 punte word aan hierdie komponent toegeken.] | Die kandidaat is daartoe in staat om toepaslik te redeneer en evalueer.<br>Daar is goeie bewys van akkurate toepassing van begrip en bewyse word verskaf.<br>Verslag demonstreer begrip en integrasie van toepaslike gevallestudie / feitelêer / bronmateriaal in die konteks van die verslag.<br>Bewyse nodig van ontleding van inhoud en hoërordeintegrasie.<br><br>**(4 punte)** | Oppervlakkige verwysings word na die gevallestudie / feitelêer / bronmateriaal gemaak.<br>Alhoewel na ondersteunende voorbeelde verwys word, is dit nie duidelik dat die leerder 'n goeie begrip van die voorbeeld / gevallestudie se materiaal het nie.<br>Ondersteunende bewyse is nie altyd van toepassing op die onderopskrif of konteks van bespreking nie.<br>Bespreking het geen diepte nie.<br><br>**(3 punte)** | Beperkte tot geen verwysing na gevallestudie / feitelêer / bronmateriaal nie. Voorbeelde word nie verskaf nie.<br>Het min of geen aardrykskundige betekenis.<br>Min ontleding of begrip.<br>Demonstreer minimale begrip van die onderwerp.<br><br>**(2–0 punte)** |

**100 punte**

IEB Copyright © 2020 

| **VRAAG 2 – KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **2.1** | **Vrae** | **Antwoord** | **Notas** | **Punt** |
| | Bestudeer die byskrifte op die sinoptiese kaart en kies die woord(e) in hakies wat die stellings WAAR sal maak. | | | |
| 2.1.1 | Drukstelsel **E** is oor die (Indiese / Atlantiese / Arktiese) Oseaan. | Atlantiese | Dit is die Suid-Atlantiese hoogdruksel | (1) |
| 2.1.2 | Hierdie sinoptiese kaart stel toestande voor in die (lente / somer / winter). | winter | Koue front oor die land. | (1) |
| 2.1.3 | Die stelsel wat **F** benoem is, staan bekend as die (Suid-Atlantiese / Suid-Indiese / binnelandse) antisikloon | Suid-Indiesee | | (1) |
| 2.1.4 | Die weer wat met druksel **F** geassosieer word, is (stabiel / onstabiel / wisselend). | stabiel | | (1) |
| 2.1.5 | Die lug by weerstelsel **G** beweeg in 'n (antikloksgewyse / kloksgewyse / afwaartse) rigting. | kloksgewyse | | (1) |
| 2.1.6 | Die wind wat gewoonlik met laagdruk by **G** geassosieer word, is 'n (katabatiese / berg- / anabatiese) wind. | berg- | | (1) |
| **2.2** | **Vrae** | **Antwoorde** | | **Punt** |
| 2.2.1 | Verduidelik waarom warm fronte (**I**) selde die weer van Suid-Afrika beïnvloed. | Warm fronte is gewoonlik te vêr suid geleë om enige impak op Suid-Afrika te hê. | | (1) |
| 2.2.2 | Brei uit op hoe dit moontlik is dat 'n warmfront-okklusie kan ontwikkel as die volgende stadium in die ontwikkeling van hierdie middelbreedtesikloon. | Dit is wanneer die lug wat voor die warm front is, kouer is as die lug agter die koue front. Wanneer die fronte ontmoet word die koue lug opwaarts gestoot bo die warm front. | | (2) |
| 2.2.3 | Teken 'n dwarsdeursnit van die warmfront-okklusie van **J** na **K.**<br> | • 1 punt vir die benoeming van die fronte.<br>• 1 punt vir die korrekte benoeming van die lugmassa.<br>• 2 punte indien die korrekte tipe okklusie geskets is. | Die kandidaat moet byskrifte gee. Indien dit nie gedoen is nie, kan slegs die helfte van die punte toegeken word. | (5) |


| 2.3 | Vrae | Antwoorde | Notas | Punt |
|---|---|---|---|---|
| 2.3.1 | Hoeveel tropiese siklone was daar voor Kenneth in 2019?<br>A 9<br>B 10<br>C 11<br>D 12 | B 10 | | (1) |
| 2.3.2 | Waarom neem die intensiteit van die storm af soos dit oor die land beweeg?<br>A Die water is te koel.<br>B Die voggehalte van die lug neem toe.<br>C Die wind verander van rigting.<br>D Die bron van vog nie teenwoordig en verlies aan wrywing. | D Die bron van vog nie teenwoordig en verlies aan wrywing. | | (1) |
| 2.3.3 | Die Mosambiekkanaal is die ideale plek vir die ontwikkeling van tropiese siklone as gevolg van die …<br>A warm water aan die ooskus.<br>B koue seestroom.<br>C ITKS.<br>D Tropiese winde. | A warm water aan die ooskus | | (1) |
| 2.3.4 | Wat veroorsaak die vorming van die gevaarlike kwadrant / semi-sirkel?<br>A Wind beweeg in dieselfde rigting as wat die storm beweeg.<br>B Windskuifspanning in die vorteks.<br>C Die rigtings van die straalstroom hoog bo in atmosfeer<br>D Lug se beweging rondom die laagdruk | A Wind beweeg in dieselfde rigting as wat die storm beweeg. | | (1) |

IEB Copyright © 2020

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2.3.5 | Watter van die volgende toestande kom in die middelpunt of oog van die storm voor?<br>A sterk winde<br>B swaar reën<br>C onbewolk en kalm<br>D lae temperature | C Onbewolk en kalm | | (1) |
| **2.4** | **Vrae** | **Antwoord** | **Notas** | **Punt** |
| 2.4.1 | Identifiseer die deel van die stad waar die hoogste temperature voorkom. | SSK<br>Al die hoë geboue | Enige bewys dat kandidaat kennis dra dat die middel van die stad die warmste sal wees. | (1) |
| 2.4.2 | Lys TWEE oorsake van die *stedelike hitte-eiland.* | • Die boumateriaal wat gebruik is om die geboue te bou.<br>• Grootte van oppervlaktes wat hitte kan absorbeer<br>• Hitte wat spruit uit enige menslike aktiwiteite<br>• Besoedeling<br>• Gebrek aan plantegroei | Kandidate kan punte verdien indien dit duidelik is dat begryp word dat die bou van stede die omgewing warmer maak. | (2) |
| 2.4.3 | Verduidelik waarom daar 'n *besoedelingskoepel* oor die meeste groot stede voorkom. | Die stedelike hitte-eiland wat veroorsaak dat daar 'n hoër temperatuur in stede is, vang die stofdeeltjies en ander deeltjies in die lug op 'n lae vlak in die atmosfeer vas. As die winde nie sterk genoeg waai nie bly hierdie koepel behoue en word die hitte wat opgestyg het, vasvang in die stedelike hitte-eiland. | | (1) |
| 2.4.4 | Stel TWEE maatreëls voor wat geneem kan word om die impak van 'n besoedelingskoepel te verminder. | • Verminder verkeer deur mense aan te moedig om te stap EN fiets te ry.<br>• Skep sones waar verkeer beperk word om sodoende voertuie wat besoedeling veroorsaak, te probeer uitskakel.<br>• Vestig konstruksienywerhede wat die lugkwaliteit respekteer.<br>• Moenie verdere paaie bou nie.<br>• Voertuie wat besoedeling veroorsaak moet omgeskakel word.<br>• Vergroen die stad. | **1 punt:** indien die kandidaat EEN maatreël duidelik noem en ten volle beskryf OF die kandidaat gee 'n stelling maar die detail ontbreek.<br>**2 punte:** indien die kandidaat TWEE maatreëls gee en ten volle op elkeen uitbrei sowel as verduidelik hoe die maatreël kan bydra tot beperking van besoedelingskoepels. | (2) |

| **2.5** | **Vrae** | **Antwoord** | **Notas** | **Punt** |
|---|---|---|---|---|
| 2.5.1 (a) | Die eenheid waarin die afloop van 'n rivier uitgedruk word, is … | kumek. | | (1) |
| 2.5.1 (b) | Reënval op die hidrogram word gemeet in … | millimeter. | | (1) |
| 2.5.1 (c) | Die punt wanneer die reënval die hoogste is, staan bekend as … | piek van reënval | | (1) |
| 2.5.1 (d) | Die punt waartydens die afloop toeneem staan bekend as … | Stygende been | | (1) |
| 2.5.2 | Ondersoek TWEE faktore wat 'n storm-hidrogram sal beïnvloed tydens 'n episode van reën. | • Reënval, tipe en intensiteit.<br>• Kenmerke van oppervlak<br>• Plantbedekking.<br>• Grond- / rotstipe<br>• Helling<br>• Bekkenmorfologie en –grootte<br>• Ontbossing.<br>• Herbossing.<br>• Grondgebruik<br>• Dam / reservoirs | | (2) |
| 2.5.3 | Verduidelik die verband wat bestaan tussen die hidrogram se vorm en die dreineerbekken se vorm. | • Die vorm van die dreineerbekken beïnvloed ook afloopwater en afloop van die rivier.<br>• Dreineerbekkens met 'n ronder vorm het 'n korter vertragingstyd en 'n hoër vloedpiek as dreineerbekkens wat lank en smal is omrede die water 'n korter afstand moet vloei om die rivier te bereik. | Hierdie is 'n **Verduidelik** vraag – kandidaat moet die konsep in detail verduidelik.<br>**1 punt:** indien die verduideliking vaag is en die verband tussen die twee vorms nie in detail verduidelik is nie.<br>**2 punte:** indien daar 'n duidelike begrip is van hoe die hidrogram se vorm beïnvloed word deur die dreineerbekken se vorm. Die verduideliking is duidelik en direk. | (2) |
| **2.6** | **Vrae** | **Antwoord** | **Notas** | **Punt** |
| 2.6.1 | Noem en beskryf EEN proses van erosie wat moontlik by **M** kan voorkom**.** | • Abrasie en korrosie – Dit is wanneer groter deeltjies wat deur die rivier meegevoer word, die rivier se oewers en bedding erodeer.<br>• Attrisie – Deeltjies sediment in die bodemvrag skuur teen mekaar of teen die bodem van die kanaal en breek dan en word kleiner en ronder.<br>• Hidrouliese aksie – Dit is wanneer die water die sagter rots erodeer.<br>• Oplossing of korrosie – Wanneer suurwater die rots erodeer. | **1 punt:** as slegs die proses genoem word.<br>**2 punte:** vir die korrekte beskrywing van die proses van erosie. | (3) |

IEB Copyright © 2020

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.6.2 | Teken en benoem 'n dwarsdeursnit vanaf **L** tot **M** en wys die volgende:<br>(a) die waarskynlike verskille in die diepte van die stroomkanaal<br>(b) 'n glyhelling<br>(c) 'n rivierrotswand<br>(d) rivierhang | | |
| |  | Die vorm van die rivierkronkel moet gewys word.<br>Dit moet 'n dwarsdeursnit of dwarsprofiel wees. | (5) |

| 2.7 | Vrae | Antwoord | Notas | P |
|---|---|---|---|---|
| 2.7.1 | Bepaal die gemiddelde spoed waarteen afsetting van 'n … sal geskied. | | | |
| 2.7.1 (a) | • 0,5 mm- gronddeeltjie | ± 50 Kumek | | (1) |
| 2.7.1 (b) | • 50 mm-klippie | ± 2 000 Kumek | | (1) |
| 2.7.2 | Bestudeer die Hjulströmkurwe en verduidelik die verhouding tussen die spoed, neerlegging en erosie van deeltjies van verskillende groottes. | Hoe vinniger die rivier vloei, hoe groter is die deeltjies wat vervoer kan word. | | (4) |
| 2.7.3 | Assesseer TWEE moontlike beperkinge van die Hjulströmkurwe. | • Neem nie die diepte van die water in ag nie<br>• Wys nie dat:<br>– sedimentasie veroorsaak word wanneer die spoed afneem nie<br>– erosie veroorsaak word deur toename in spoed van die rivier nie<br>• Rowwe skattings.<br>• Aanname dat die rivier oraloor dieselfde is. | Die kandidaat moet 'n basiese begrip van die HK kan toon en moet weet wat dit nie wys nie. | (4) |

**50 punte**

IEB Copyright © 2020 

| VRAAG 3 – LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **3.1** | **Vrae** | **Antwoord** | **Notas** | **Punt** |
| | Sê of die volgende stellings WAAR of VALS is. Skryf slegs die nommer van die vraag neer en dan of die stelling waar of vals is, byvoorbeeld 3.1.0 Vals. | | | |
| 3.1.1 | 'n Sentrale plek is enige nedersetting wat dienste en goedere aan die kleiner naburige nedersettings voorsien. | Waar | | (1) |
| 3.1.2 | 'n Nedersetting wat sirkelvormig is, se vorm word meestal beïnvloed deur kenmerke soos paaie en / of riviere. | Vals | | (1) |
| 3.1.3 | Die proses waartydens sosiale groepe van een woongebied na 'n ander beweeg en wat dan tot veranderinge in die sosiale karakter van die residensiële gebiede lei, staan bekend as filtrasie. | Waar | | (1) |
| 3.1.4 | 'n Droëpuntnedersetting is geleë waar die beskikbaarheid van water die grootste voordeel is in gebied wat andersins droog is. | Vals | | (1) |
| 3.1.5 | Die oorgangsone is tussen die beboude en die landelike gebied en daar is gewoonlik kompetisie vir die gebruik van die grond. | Vals | | (1) |
| **3.2** | **Vrae** | **Antwoord** | **Notas** | **Punt** |
| 3.2.1 | Kies die term(e) uit die opsies wat in hakies gegee word om die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die nommer van die vraag en die ooreenstemmende term neer. | | | |
| 3.2.1 (a) | Hierdie nedersetting is 'n (geïsoleerde plaasopstal / gehuggie / dorp). | gehuggie | | (1) |
| 3.2.1 (b) | Die fisiese faktor wat die keuse van 'n standplaas vir 'n nedersetting op hierdie plek bepaal het, is die (vlakte / rivier / vallei) | vlakte | | (1) |
| 3.2.1 (c) | Hierdie nedersetting is (enkelfunksioneel / multifunksioneel / vierfunksioneel). | enkelfunksioneel | | (1) |
| 3.2.2 | Noem EEN diens wat aan hierdie nedersetting gelewer word | elektrisiteit | Kragdrade kan in die foto gesien word. | (1) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.2.3 | Bespreek TWEE kwessies rakende dienslewering aan 'n nedersetting soos die een in die foto. | • Paaie is nie geteer nie en is gewoonlik in 'n swak toestand.<br>• Watervoorsiening is gereeld onvoldoende of word swak onderhou.<br>• Die rioolstelsel funksioneer nie altyd soos dit moet nie<br>• Rommel word nie verwyder nie. | Hierdie is 'n **Bespreek** vraag – kandidaat moet die konsep in detail bespreek.<br>• Kandidate moet op elke punt uitbrei.<br>• Maak voorsiening vir enige redelike en logiese antwoord.<br>• **1 punt**: vir elke feit indien die verduideliking vaag is met beperkte detail.<br>• **2 punte**: vir elke feit indien dit begrip toon en verduideliking is duidelik en direk. | (4) |
| **3.3** | **Vrae** | **Antwoord** | **Notas** | **Punt** |
| 3.3.1 | Omskryf TWEE faktore wat die waarde van grond kan beïnvloed. | • Toegang tot ekonomiese aktiwiteite<br>• Geriewe in die woonbuurt<br>• Huidige en toekomstige grondgebruik<br>• Aanvraag en voorsiening<br>• Ligging en vervoernetwerke<br>• Fisiese kenmerke<br>• Toegang tot fasiliteite<br>• Ligging<br>• Afstand en liggings met inagneming van informele nedersettings | Maak voorsiening vir enige redelike en logiese antwoord. | (2) |
| 3.3.2 | Voorspel TWEE stedelike probleme wat teen 2050 ernstige kwessies in Suid-Afrikaanse stede kan wees. | • Bedreigings vir die omgewing<br>• Vinnige verstedeliking wat die basiese infrastruktuur onder druk plaas. Voorafgenoemde tesame met gereelde en uiterste weersgebeurte-nisse as gevolg van die globale klimaatsverandering sal die impak van bedreigings in die omgewing vererger.<br>• Daar sal strawwe kompetisie wees vir skaarks hulpbronne soos water, voedsel en energie.<br>• Toegang tot hierdie hulpbronne moet behoorlik en regverdig bestuur word.<br>• Tekort aan werkbare tegnologie<br>• Swak bestuur deur die regering.<br>• Veroudering van die bevolking | Hierdie is 'n ope vraag aangesien die kandidate moet **voorspel**. Elke punt moet egter gedetailleerd wees.<br>**2 punte:** indien slegs een probleem genoem is of in detail weergegee is of die verduideliking is vaag met beperkte detail oor van stedelike probleme wat dui op beperkte begrip.<br>**4 punte:** As daar 'n duidelike begrip is van die stedelike probleme wat die stede in die gesig staar. Die verduideliking is duidelik en direk. | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | • Gebrekkige gesondheidsorg<br>• Tekort aan behuising<br>• Sosiale segregasie.<br>• Nuwe vorme van regering.<br>• Beweegbaarheid van mense in sowel as tussen stedelike gebiede; openbare vervoer.<br>• Verlies aan gemeenskapsgevoel<br>• Tekort aan ruimte om uit te brei<br>• Grond word te duur vir die gemiddelde persoon. | | (4) |
| 3.3.3 | Stel DRIE volhoubare strategieë voor om stedelike nedersettings wat uitbrei, te hanteer. | • Ontwikkel vervoer- en ander stelsels om beweging moontlik te maak en daardeur verkeer te verminder.<br>• Sluit publieke vervoer vir massas mense in.<br>• Effektiewe stelsels van energie.<br>• Belê in hernubare hulpbronne (son-, wind- of hidrokrag).<br>• Beskerming van die omgewing.<br>• Effektiewe bestuur van afval.<br>• Ontwikkeling van openbare ruimtes en grond.<br>• Effektiewe infrastruktuur moet vir die groeiende bevolking gebou word deur konstruksie van rioolafvoere, waterpype, optiese kabels en elektriese kragdrade; vermeerdering van sekuriteit en brandbestryders; bou van plaaslike klinieke en laerskole en voorsiening van die nodige personeel.<br>• Ruimtelike en sosiale gelykheid.<br>• Beproefde basiese dienste.<br>• Ontwikkel effektiewe, verantwoordbare en deursigtige werkskepping, informaliteit en entrepreneurskap.<br>• Bevorder plaaslike ekonomiese ontwikkeling aktief deur die skep van liggingsgebonde werkskepping. | **6 punte:**<br>• DRIE strategieë in detail in die antwoord verduidelik<br>• Antwoord gee kennis in detail en daar is 'n sterk konseptuele begrip van die onderwerp.<br>• Enige voorbeelde wat gebruik is, is toepaslik en is effektief in die antwoord geïntegreer.<br><br>**4 punte:**<br>• TWEE strategieë in die antwoord verduidelik<br>• Antwoord kan moontlik ongebalanseerd wees of die nodige detail ontbreek.<br>• Antwoorde bewys wel 'n goeie basiese kennis en begrip.<br>• Nodige detail of verdere omskrywing mag moontlik ontbreek in die voorbeelde wat gebruik is.<br><br>**2 punte:**<br>• EEN strategie is goed verduidelik.<br>• Die antwoord is vaag of daar is bloot 'n lys gegee.<br>• Slegs basiese kennis en die begrip is moontlik nie heeltemal korrek nie.<br>• Voorbeelde is slegs genoem of heeltemal afwesig. | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | • Hanteer konflik in stedelike gebiede, geweld en misdaad op 'n effektiewe manier.<br>• Hanteer ongelykhede en spanning op die sosiale front.<br>• Verdigting – nuwe hoë geboue.<br>• Landgoedere met gemengde grondgebruik.<br>• Kleiner wonings en eiendomme.<br>• Beskeie wonings vir diegene met beskeie lewenstyl.<br>• Huisbote: bevorder volhoubaarheid.<br>• Skeepshouers. | | (6) |
| **3.4** | **Vrae** | **Antwoorde** | **Notas** | **Punt** |
| 3.4.1 | Verduidelik waarom die hoogste persentasie informele werksgeleenthede in Limpopo voorkom. | • Hierdie provinsie se inkomste is laag en dit het 'n groot bevolking .<br>• Limpopo is 'n grensprovinsie. Indien immigrante van Botswana, Zimbabwe en Mosambiek nie in die formele sektor werk kry nie, word hulle deel van die informele sektor. | Kandidaat moet bewys dat daar 'n verband is tussen die vlak van inkomste en die aantal persone wat werksaam in die informele sektor is. | (2) |
| 3.4.2 | Stel TWEE redes voor waarom handeldryf 41% tot die informele ekonomie bydra. | • Dit is baie maklik om tot die informele ekonomie toe te tree.<br>• Dit is baie maklik en goedkoop om 'n paar produkte te koop.<br>• Mens kan op enige plek 'n tafeltjie prakseer en jou produkte verkoop.<br>• Geen kwalifikasie benodig nie en min tot geen administratiewe rondslomp nie.<br>• Goedere kan maklik vervoer en geskuif word. | **2 punte:** indien antwoord vaag is of geen insig in SA informele ekonomie toon nie.<br>**4 punte:** indien antwoord duidelik is en begrip van SA se informele ekonomie toon. | (4) |

IEB Copyright © 2020 

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.4.3 | Evalueer die belangrikheid van vroulike werkers in die informele sektor van die ekonomie. | • Omdat hulle beperkte toegang tot die formele ekonomie het, is hulle baie keer die dryfveer agter die informele ekonomie.<br>• Vroue staan gereeld aan die hoof van huishoudings en hulle moet hulle afhanklikes onderhou.<br>• Baie vroue wil van die huis af werk en doen handwerk of open salonne.<br>• In baie huishoudings is die vrou die broodwinner en sy sorg vir die hele gesin. | Hierdie is 'n **Evalueer** vraag – kandidaat moet die konsep in detail evalueer.<br>**2 punte:** indien die antwoord vaag is en daar nie insig in kwessies rondom die geslagte in Suid-Afrika is nie.<br>**4 punte:** indien die antwoord duidelik is en bewys gelewer word dat die kwessies rondom die geslagte in Suid-Afrika verstaan word. | (4) |
| 3.4.4 | Bespreek TWEE maniere waarop informele handelaars toegerus kan word om 'n betekenisvolle bydrae te kan maak tot die Suid-Afrikaanse ekonomie. | • Ruimte om te kan handeldryf.<br>• Ondersteun hulle – finansiële of ontwikkeling van vaardighede.<br>• Verdere ontwikkeling van vaardighede van diegene wat hierby betrokke is.<br>• Laat registrasie vir beskerming toe.<br>• Gaan in vennootskap met bestaande besighede.<br>• Gee dieselfde regte en voorregte as formele besighede. Gee lenings en kapitaal aan klein besighede en entrepreneurs.<br>• Maak fasiliteite beskikbaar aan informele handelaars om volhoubare platform vir hulle te skep om behoorlik te kan funksioneer. | **1 punte:** indien die strategieë om informele handelaars toe te rus, vaag is.<br>**2 punte:** dit is duidelik dat die kandidaat die bydrae van die informele sektor tot die Suid-Afrikaanse ekonomie verstaan. | (2) |
| **3.5** | **Vrae** | **Antwoord** | **Notas** | **Punt** |
| 3.5.1 | Definieer die volgende terme: | | | |
| 3.5.1 (a) | Agri-prosessering | • Vervaardiging wat die prosessering van grondstowwe en intermediêre produkte wat vanuit die landbousektor verkry is, behels.<br>**of**<br>• Verwerking van landbouprodukte. | Kandidate mag eie en unieke benadering tot die vraag hê en antwoorde sal dus verskil. Hoef nie 'n handboekgebonde antwoord te wees nie. | (1) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.5.1 (b) | Groenveldontwikkeling (green fields development) | Ontwikkeling van grond wat nie voorheen vir residensiële, kommersiële of nywerheidsdoeleindes gebruik was nie. | | (1) |
| 3.5.2 | Verduidelik waarom Suid-Afrika 'n groter inkomste sou kon verkry deur landbouprodukte in verwerkte vorm uit te voer. | • Produk het hoër waarde.<br>• Bevoordeel kettingnywerhede soos bv. blikkieskos<br>• Groter geneigdheid om produk te koop<br>• Kan laer invoerbelasting hê.<br>• Skep werksgeleenthede in die industrie. | Verduideliking bewys dat die konsep om waarde by 'n produk te voeg, verstaan word. | (1) |
| 3.5.3 | Klassifiseer die ekonomiese sektor waaronder die Dube iConnect-sone val. | Kwaternêre / Tersiêre | Kan of voorsiening van IT wees of 'n ander diens soos deur die kandidaat genoem. | (1) |
| 3.5.4 | Lys DRIE faktore wat nywerheids-ontwikkeling in die KwaZulu-Natal-streek bevorder. | • Twee groot hawens<br>• Nuwe lughawe<br>• IOS – Richardsbaai.<br>• Potensiaal vir toerisme<br>• Baie water – suikerraffinadery en vervaardiging van papier.<br>• Goeie vervoernetwerke wat met die binneland skakel.<br>• Groot plaaslike mark – grootste bevolking / 50% binne 100 km van Durban af.<br>• Goeie toegang na Gauteng sowel as oorsese markte – veral China, Asië en Oos-Afrika.<br>• Groot arbeidsmark<br>• Beskikbaarheid van hulpbronne, bv. suiker, melk, vrugte en pluimvee.<br>• Warm klimaat – Pinetown 15 km / 300 m / area is meer gelyk.<br>• Strande, berge, wildsreservate en gholfbane is tekens van 'n welvarende leefstyl. | | (3) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.5.5 | Lys TWEE faktore wat in Figuur 14 gesien kan word wat die ligging van die Dube Handelshawe bepaal het. | • 10 minute na Umhlanga.<br>• 30 minute na middestad van Durban<br>• 45 minute na Durbanse hawe.<br>• 50 minute na Dube Motoronderdele-voorsieningspark.<br>• Langs die N2.<br>• 95 minute na Richardsbaai.<br>• 15 minute na Ballito.<br>• Naby die treinspoor. | Inligting moet vanaf die diagram verkry word. | (2) |
| 3.5.6 | Ondersoek die belangrikheid van die Dube Handelshawe vir die ekonomie van KwaZulu-Natal. | • Werkskepping<br>• Verbind dit met nywerheids-ontwikkeling<br>• Meer buitelandse inkomste<br>• Verbeterde onderwys<br>• Dryfveer agter die ontwikkeling van infrastruktuur<br>• Aantrekkingskrag vir geteikende plaaslike en buitelandse beleggers.<br>• Bevorder ontwikkeling van nywerhede.<br>• Bevorder ekonomiese skakels tussen voorsieners en nywerhede wat produkte van voorsieners kan gebruik. | Hierdie is 'n **Ondersoek** vraag – kandidaat moet die konsep in detail ondersoek.<br>**2 punte:** die beskrywing is vaag of net een aspek word gedek.<br>**4 punte:** die beskrywing is duidelik en volledig met baie detail. | (4) |

**50 punte**

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2020